

7 Februarie

Psalm 32, (Teks: 32:7,11)

'n Berouvolle sondaar wie se sondes vergewe is, is dankbaar

'n Gelowige wat vergifnis ontvang, bid. Hy swyg nie meer nie, maar hy praat met God. Hy is nie meer passief nie, maar aktief. Die Heilige Gees vuur die gelowige aan om te bid. Daar word gedurig en sonder ophou gebid, want die Here is te vinde. Die Here luister.

Ons betoon ook ons dankbaarheid deur te luister na Gods Woord. Psalm 32:8 wys vir ons dat die Here ons wil onderrig en leer aangaande die weg wat ons moet gaan. Hy wil ons raad gee. Hierdie gids wat Hy vir ons gee, is sy Woord. Sy Woord is 'n Lig vir ons pad en 'n Lamp vir ons voet. Die Woord is 'n tweesnydende swaard wat raaksteek en oopsny. God se oog is gedurig op ons en kyk of ons buig of nie voor sy Woord. As jy nie gewillig daarvoor buig nie, is jy soos 'n perd of muil wat gedwing moet word.

Maar 'n gelowige, uit dankbaarheid, bid en lees nie net Bybel nie, maar vind ook sy/ haar vreugde daarin. Die OAV praat van welgeluksalig. Dit dui daarop dat die persoon uitermate gelukkig is. 'n Blydschap wat in die Here is (Ps. 32:11; Fil. 4:4), is standhoudend. Dit is aan die Here gekoppel. Die blydschap van 'n gelowige is nie aards gekoppel nie. Die lewe word dan nie: Wat doen andere aan my nie, maar watter vreugde kan ek vir andere in Christus wees.

Hier sien ons dat ons volledig dankbaar moet wees deur te bid, Bybel te lees en blymoedig te wees.

Ds. J.JJ. Erasmus (Volksrust/Vrede)